

Mikro Graad R : Tuisonderrig Kwartaal I: 15 Mrt- 26 Mrt.

Liewe Mamma en Pappa

Op die dae wat ek by die huis bly, moet ek hersiening doen en kan Mamma of Pappa hierdie kontrolelys gebruik om seker te maak ek bly op datum. In Graad R leer ons deur te speel en bevat hierdie lys dus net die kern van wat ons in die klas vir Week 3 en 4 onder die knie moet hê. Moet asb. nie alles met my op die eerste dag by die huis voltooi nie. Hierdie werk strek oor die 5 dae wat ek tuis gaan bly vir Week 5 en 6.

Dag 1: Wiskunde Algemeen	
Opdrag	Benodighede
Kan jy die dae van die week uit jou kop uit sê? Speel nou met die dae van die week en vra: <u>Vraagstelling:</u> Die leerder moet in staat wees om begrip te toon vir die dae van die week deur die volgende vragies te antwoord. Toets dit reg deur die week. • Watter dag is dit vandag? • Watter dag was dit gister? • Watter dag sal dit môre wees? • As dit vandag Dinsdag is watter dag sal dit môre wees? (Moet die volgende dag in enige volgorde kan sê) • As dit vandag Donderdag is watter dag was dit gister? (Moet die vorige dag in enige volgorde kan sê)	

<u>Pak 'n patroon met 2 items wat herhaal</u> Die leerder moet net in staat wees om die patroon te kan verduidelik. Bv. Mamma sê: Gaan haal 'n lepel en 'n vurk. Brei die patroon uit met tenminste 5 items — lepel, vurk, lepel, vurk, lepel, vurk, lepel....	Enige items in of rondom die huis kan gebruik word: sokkie, skoen, sokkie, skoen... hemp, broek, hemp, broek.... bordjie, bakkie, bordjie, bakkie.... stokkie, blaar, stokkie, blaar die opsies is oneindig...
Dag 2: Huistaal Storievertelling	
Opdrag	Benodighede
<u>Lees weer die storie van Gouelokkies en die drie bere.</u> Leesstuk vir die pret: Mamma/ Pappa kan die storie weer voorlees. Wys dan die volgorde prentjies vir die leerder en vra hom/ haar om die prentjies te gebruik om die storie oor te vertel in sy eie woorde. Dis u keuse of u die poppies wil uitdruk. Die leerder is dan meer as welkom om hierdie poppies te gebruik om die storie oor te vertel in sy eie woorde.	Gouelokkies en die drie bere dokument
Dag 3: Wiskunde Getalbegrip	
Opdrag	Benodighede
Ons het die afgelope week getal 2 aangeleer deur middel van 'n storie, toets die leerder se geheue en vra die volgende vrae: Hersien: Wie het in die eerste huis ingetrek? Hoeveel olifante het in die huis gewoon?	Getal 2 storie is beskikbaar sodat Mamma/ Pappa 'n agtergrond van die storie kan kry.

	• Wie het in die tweede huis ingetrek? Hoeveel sebras het in die huis gewoon? • Wat was alles in die storie en hoeveel van elke item was daar?							
	Lees Getal 2 weer voor, vir vaslegging	Getal 2 storie						
	<u>Sensoriese ontdekking</u> • Skryf die getal 2 in die sand. • Skryf die getal 2 op jou troeteldier se rug. • Laat Mamma /Pappa getal 1 op jou ruggie skryf. (vra dan vir hom / haar watter getal jy nou net op sy rug geskryf het) • Laat Mamma /Pappa getal 2 op jou ruggie skryf. (vra dan vir hom / haar watter getal jy nou net op sy rug geskryf het) • Strooi bietjie meel op die kas uit en laat die leerder die getal 2 daarin skryf. • Bou getal 2 met klei deur die klei in 'n lang slangetjie te rol en dan in die vorm van getal 2 te vou.	<u>Wenk:</u> Vir gekleurde sand gebruik sout/ rys met 'n paar druppeltjies kleursel, meng dit goed deur en laat dit 'n rukkie oop staan sodat dit kan uitdroog. Bêre in 'n geseëlde houer na elke gebruik. Die opsies is oneindig, enige iets wat tot jul beskikking is.						
	Toets die leerder se vermoë om die getalnaam een en twee te identifiseer deur die volgende aktiwiteit oor te teken. - Verbind die maats. (Dit kan meer as een keer geskryf word en die leerder moet sy maat vind) <table border="1" data-bbox="248 1174 535 1291"> <tr> <td>een</td> <td></td> <td>2</td> </tr> <tr> <td>twee</td> <td></td> <td>1</td> </tr> </table> - Vind soveel items in die huis wat pas by die getal: twee → ○○ - Gebruik nou die wiskunde flitskaarte wat u in die begin van die jaar ontvang het en vra die leerder om die getalnaam een, die getal 1 en die kol 1 bymekaar te pas, asook die getalnaam twee, getal 2 en die kolle 2.		een		2	twee		1
een		2						
twee		1						

Dag 4: Huistaal

Opdrag	Benodighede
<u>Herien w-klankie</u> Ons het verlede week op 'n wonderlike verbeeldingsuitstappie na Kammaland toe gereis. Willie die padda het vir ons kom leer met watter klankie sy naam begin. Lees weer die storie van Willie die padda om die leerde se geheue te verfris.	Kammaland W- storie
<u>Oefen om die w- klankie</u> • Gebruik die robotkaart om die w- klankie te oefen. • Gooi 'n bietjie rys in 'n bakkie en skryf nou die w- klankie in die rys terwyl hy sê af, op, af en weer op. • Vind 5 w -klankies in die koerant en trek 'n sirkeltjie om die w	Robotkaart Rys koerant/ tydskrif, (indien nie een van hierdie leesstof beskikbaar is nie skryf 15 woorde neer en die leerder moet 5 w -klankies in hierdie woorde gaan soek en omkring
<u>Woordeskat</u> Vra die leerder om te dink aan enige 5 woorde wat met 'n w-klankie begin en teken dit. Mamma moet dan die item se naam onderaan skryf sodat hy/ sy kan sien dat sy tekeninge woorde kan beteken. • Die leerder moet dan 'n sinnetjie van die w- woorde gee, om die woord se betekenis te beskryf. Bv. (winter) — In die Winter kry ons koud en dit reën baie.	Kryte en papier

Dag 5: Wiskunde
Getalstorie

Opdrag

Benodighede

Hersien 3D vorm – Sfeer

Gaan saam met die leerder deur die dokument oor die sfeer. As jy klaar is kan jy items in en om die huis vind wat die vorm van 'n sfeer is?

Wiskunde sfeer dokument

Luister en Leer (groenboek)

Voltooi: Week 2, bl. 4-5